BYBELSTUDIE HEBREËRS 11:32-12:3.

A. OPSOMMING.
Hebreërs 11:32-40 bestaan uit drie dele:
Vers 32-35a: wat die geloofshelde gedoen het.
Vers 35b-38: wat die geloofshelde verduur het.
Vers 39-40: afronding.
Met vers 31 hou die individuele dade van die geloofshelde op. Nou gaan die skrywer aandag gee aan die geskiedenis van Israel. Daarmee wil hy aantoon dat daar 'n groot aantal geloofshelde was. Die tydperk wat hy nou dek is meer as 'n 1000 jaar en strek vanaf die rigtertyd tot die tydperk tussen die Ou – en die Nuwe Testament.

VERS 32-35a.
Hy noem ses geloofshelde en om die volmaakte getal sewe vol te maak voeg hy die profete by. Dit word nie chronologies gedoen nie, want Gideon is voor Barak geplaas en Samuel word ná Dawid genoem. Die geloofsdade van hierdie persone word nie vertel nie omdat dit bekend was aan die lesers.
Vanaf VERS 33 noem hy geloofsdade self op. Sommige van die dade wat hier genoem word kan in verband gebring word met die sewe name in vers 32. Tog is dit duidelik dat dit nie die bedoeling van die skrywer is nie. Hy wil verduidelik watter soort geloofsdade in die ou bedeling gedoen is. Ons kan dit losweg soos volg saamvat:

- Koninkryke verower en die reg van God handhaaf [33] sou goed by Samuel en Dawid pas.
- Die toestop van leeus se bekke en blus van gloeiende vuur [33-34] verwys na Daniël en sy vriende [Dan.6 en 3].
- Die ontkoming van die swaard verwys op sy beurt na persone soos Dawid, Elia en Elisa wat almal aan dodelike situasies ontkom het.
- Sterk in oorlog wees en op die vlug jaag van die leërs van die vreemdes, verwys na die buitengewone dapperheid van die Makkabeërs. Die Makkabeër-boeke, wat nie in ons Bybels verskyn nie, maar wel in die Griekse en Rooms Katolieke Bybel, beskryf hoe die Siriese koning Antiochus Epifanus die Joodse godsdiens wou uitroei. Hy wou hulle dwing om aan die Griekse gode te offer. 'n Klein skare Joodse vegters het uiteindelik, na vyftien jaar, die oorwinning oor die magtige Siriese leërs behaal. In die proses was daar baie martelare.
- Die terugontvang van dooies [35] verwys na die weduwee van Surfat [1Kon.17:17-24] en die Sunemmitiese vrou [2Kon.4:18-27].

VERS 35b-38.
In hierdie verse gaan dit oor wat die geloofshelde verduur het. Hulle is diegene wat doodgemartel is. Die groep in vers 36 het spot en gevangenskap ervaar. Na wie hier verwys word, kan ons nie sê nie. Dit kan sinspeel op die vervolgings gedurende die Makkabese tyd.
Met wie al die dinge in vers 37 gebeur het, is ook onduidelik. Die “met klippe doodgegooi” kan mootlik verwys na Jeremia wat in Egipte deur Jode met klippe doodgegooi is. 'n Ander tradisie beweer dat dit die profeet Jesaja is wat in stukke gesny is met 'n houtsaag.
Vers 38 praat van boetepredikers wat in skaapvelle en in bokvelle rondgeswerf het, en wat verdruk en verstoot is. Die wêreld het hulle nie verstaan nie. Dit mag onder andere na Elia verwys [2Kon.1:8].

Vers 39 gryp as opsomming terug na die hele hoofstuk. Al die mense wat individueel genoem is asook in die algemeen, het besondere geloof ontvang [vgl. vers 2].

Die belofte is egter nog nie aan hulle vervul nie. Die geloof was daar asook die volharding om die onsienlike te sien, maar die ware vervulling het nie vir hulle werklikheid geword nie.
In vers 40 word die rede genoem waarom die geloofshelde van die ou bedeling nie die belofte ontvang het nie. Die rede was nie omdat hulle geloof te swak was nie. Dit was eerder omdat dit God se besluit was om nie die beloofde Messias in hulle tyd te laat kom nie. Ons [en die lesers van Hebreërs] is in die bevoorregte posisie om die beloofde offer van Jesus Christus te ontvang.

Hoofstuk 12:1-3 sluit by hoofstuk 11 aan. Die skrywer het tot nou klem gelê op die volharding in die geloof. Volgens hom het die gemeente van Hebreërs dit nodig. En om in hulle geloof te volhard, moet hulle die "groot skare geloofsgetuies" van hoofstuk 11 in die oog hou. Die beeld wat hy gebruik om dit tuis te bring is die van 'n atletiekbaan. In die Paulusbriewe word die sportbeeld as 'n besielende voorbeeld aangewend om mense aan te moedig om in 'n goeie lewe te volhard [1Kor.9:24-27; Fil.3:13-14; 1Tim.6:12; 2Tim.4:7-8]. Die doelgerigtheid [Fil.3:13-14] en uithouvermoë van die ware atleet word gewoonlik op die voorgrond gestel. Veral laasgenoemde speel 'n groot rol in Hebreërs 12:1-3.
Hebreërs se resep vir *nie-geestelik-moeg-word* en *uitsak nie* [3], bevat vier bestanddele:

- Ons moet inspirasie put uit die toeskouers op die paviljoene. Die geloofsgetuies van Hebreërs 11 word nou die groot skare rondom die stadion. Dit is die veterane wat die wedren reeds voltooi het. Hulle ken die inspanning en deursettingsvermoë wat van jou gevra word. Hulle het dit aan hulle lywe ervaar.
- Ons moet elke las afgooi – ook die sonde [1]. Geen atleet is so dom om met 'n yslike pakkasie aan 'n wedloop deel te neem nie. Onafgelegde sondes kniehalter ons in die lewenswedloop. Die skrywer het reeds vroeër verduidelik hoe ons van hierdie sonde gereinig kan word [1:3; 9:14; 10:22].
  Van die sonde word gesê dat dit ons so maklik "verstrik". Ons sou dit ook kon vertaal met: vasklou! Sonde is soos klitsgras: maklik om op te tel maar bitter moeilik om af te trek.
- Ons moet dink aan die wenpaal wat voorlê.
- Bo alles moet ons oog op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof, gevestig wees [2]. Hier is ons weereens by die hart van Hebreërs. In ons lewe moet ons volledig op Jesus konsentreer.
  Die Griekse woord wat Jesus hier as Begin beskryf, kan vertaal word met Baanbreker. Hy is egter ook die Voleinder of "Afronder" van ons geloof. Hy ondersteun ons deurgaans in ons geloofswedloop, sodat ons dit sal voltooi. Hy kan dit doen. Wat ook Hy het reeds vir ons die wedloop voltooi. So is ons inderdaad atlete van en vir Christus.

B. <u>VRAE</u>.

1. Die geloofshelde in vers 33-38 het baie ervaar ter wille van hulle geloof. Wat is die besondere van hulle geloof?

2. Lees Filippense 3:13-14; 1 Timoteus 6:12 en Hebreërs 12:1 [laaste gedeelte].
   Wat speel in ons geloof 'n belangrike rol?

3. Lees Hebreërs 12:1-3.
   Identifiseer in hierdie gedeelte vier dinge wat ons in ons geestelike wedloop kan benadeel.

4. Volgens Hebreërs 12:2 moet ons volledig op Jesus konsentreer. Hoe doen 'n gelowige dit? [eie antwoord].

5. Lees Hebreërs 11 vers 35.
   Waarom was die geloofshelde bereid om op God te vertrou?

6. Wat beteken dit dat Jesus die Begin en Voleinder van ons geloof is? [vers 2].

C. ANTWOORDE.

1. Hulle geloofsvolharding ten spyte van die omstandighede.

2. In Filippense 3 is dit juis die doelgerigtheid in ons geloof wat op die voorgrond staan. In die ander skrifgedeeltes gaan dit oor uithouvermoë of volharding. Albei hierdie motiewe speel in Hebreërs 12:1-3 'n belangrike rol.

3. Wanneer ons nie meer gefokus bly op die geloofsgetuies wat reeds die wedloop voltooi het nie;
   Wanneer ons nie elke las – die sonde afgooi nie. Letterlik staan daar: ons moet elke las, naamlik die sonde wat aan ons vasklou, afgooi.
   Wanneer ons ophou dink aan die wenpaal voor ons. Jesus self het dit gedoen toe Hy sy oog gevestig gehou het op die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was [2].
   Wanneer ons nie meer op Jesus self konsentreer nie [3].

4. Eie antwoord.

5. Hulle wou die opstanding tot 'n beter lewe deelagtig word. Hulle oë was gevestig op God se toekomsbelofte en nie op korttermynresultate nie.

6. Die Griekse woord wat Jesus hier as die Begin beskryf, het reeds in 2:10 voorgekom. Ons kan dit ook vertaal met Baanbreker. Hy is egter ook die Voleinder of Afronder van ons geloof. Met dit wat Hy vir ons aan die kruis gedoen het, en nog steeds doen, het Hy die basis vir ons geloofswedloop gelê. Maar Hy ondersteun ons ook deurgaans tydens die wedloop sodat ons dit sal voltooi.

****